KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE BODEM-HAAI VISSERY: 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET GELEES WORD SAAM MET DIE ALGEMENE KONSEPBELEID OP DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANG-TERMYN VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Profiel van die vissery 4

3. Oorkoepelende bedryfsdoelwitte 5

4. Tydsduur 6

5. Nuwe inkomelinge 6

6. Evalueringskriteria 6

6.1 Uitsluitingskriteria 7

(a) Vorm van die aansoeker: 7
(b) Wetsnakoming: 7
(c) Papierkwotas: 7
(d) Toegang tot 'n geskikte vaartuig: 7
(e) Nie-gebruik: 7

6.2 Vergelykende balanseringskriteria 8

(a) Transformasie 8
(b) Belegging in die bedryf 8
(c) Prestasie 9
(d) Afhanklikheid van die bodem haaivissery 9
(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 9
(f) Werksgeleenthede 10
(g) Nie-betaling van heffings 10

6.3 Vangspoging toewysings 11

7. Geskikte vaartuie 11

8. Multi-sektor betrokkenheid 11

9. Aansoekfooie en heffings 12

10. Bestuursmaatreëls 12

10.1 Ekosisteembenadering tot visserybestuur 12

10.2 Byvangsvermindering 12

11. Prestasiemeting 13

12. Waarnemersprogram 13

13. Permitvoorwaardes 13

1. Inleiding

Hierdie dokument is 'n konsepbeleid vir openbare kommentaar oor die toekenning en bestuur van kommersiële regte in die bodem-haaivissery (*"Demersal Shark"*) soos uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Departement"). Hierdie konsepbeleid moet saamgelees word met die Algemene Konsepbeleid op die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene Visvangbeleid"). Belanghebbendes en ge-affekteerde partye mag skriftelike kommentaar voorlê aan die Departement voor 4 April 2005. Kommentaar wat ingedien word na hierdie datum sal nie oorweeg word nie. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doelwit van hierdie konsepbeleid is om die oorwegings uiteen te sit wat sal geld by die toekenning van kommersiële bodemhaai visvangregte. Baie van die oorwegings in hierdie konsepbeleid is niks nuut nie. Hulle is reeds vantevore toegepas deur die Departement in die toekenning van regte. Hierdie beleid vervat hierdie oorwegings, maar sluit ook 'n aantal veranderings en byvoegings in.

Die bestuursbeleid rondom die tydperk na die toekenning van regte kom ook na vore in hierdie konsep beleidskrif. Die Departement sal 'n Bodemhaai Bestuurshandleiding ontwikkel in samewerking met al die regtehouers gedurende die loop van 2006. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die bestuursmetodologie en prosedures uiteensit vir die bedryf.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is van voorneme om die artikel 18 magte om bodemhaai visregte toe te ken in terme van artikel 79 van die Wet op Marienelewe en Hulpbronne *("die WMLH*"), aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

2. Profiel van die bedryf

Nadat belangstelling in die tuna langlynvissery afgeneem het teen die middel sestigerjare, het vissers hulle aandag begin toespits op meer winsgewende vispoele. Vissers met haaipermitte het langlyntoerusting gebruik om stokvis en garoep ('kingklip') te vang onder die dekmantel van haaivangste. Toe die Departement die byvangsperke van stokvis en garoep in die haaivissery verminder het, was daar 'n ooreenkomstige afname in die vangspoging. Voor 1998 was daar meer as 30 permitte uitgereik om haaie te vang, maar weens swak prestasie in die bedryf, is die Totale Ontplooide Vangspoging (TOV) verminder tot 23 permitte in 1998. Weens verdere swak prestasie is die TOV tot 11 permitte verminder in 2004.

Die huidige langlyn haaivissery teiken beide pelagiesehaaie (blouvin- en makouhaaie) en bodemhaaie (bloedhaaie, naamlik *Galeorrhinus galeus* en *Mustelus mustelus*) deur die gebruik van onderskeidelik of oppervlak- of bodemsteltoerusting. Oor die algemeen is die vaartuie wat bloedhaaie teiken, dikwels kleiner as die wat wat pelagiesehaaie teiken, aangesien die aanwendingsgebied beperk is tot kuswaters. Aangesien die toerusting wat gebruik word om blouvin- en makouhaaie mee te vang, soortgelyk is aan die wat gebruik word om tuna en swaardvis mee te vang, is 'n bestuursbesluit geneem om die pelagiese haaivissery te verwyder uit die haai langlynvissery en dit te bestuur as deel van die algehele pelagiesevissery met ingang van 2006. Vanaf 1 Januarie 2006 sal die pelagiese haaivissery dus nie meer bestaan as 'n geteikende bedryf nie.

Baie haaivisvang permithouers het pemitte in ander bedrywe as die bodem haaivissery, soos die stokvis langlyn- en tuna paalvisserye. Gevolglik vind die vang van haaie in die algemeen net plaas om die vaartuie besig te hou, wanneer hulle nie werksaam is in die ander bedrywe nie.

Haaie is ‘n langlewende spesie met lae voortplantings- en groeitempos en bereik baie laat wasdom. Hierdie faktore maak hulle besonder vatbaar vir oor-ontginning en verder moet in ag geneem word dat hulle apeks roofdiere is en dat hulle verwydering gevolglik drastiese veranderings kan meebring aan mariene ekosisteme. Vangste in die haaivissery hang grootliks af van volwasse biomassa en dus is die vissery meer produktief wanneer daar meer volwasse haaie in die haai-bevolking is.

Die getal vaartuie wat bedrywig is in die bodem vissery het ‘n jaarlikse wisseling getoon en die vaartuie het gelykmatig toegeneem tot 14 vaartuie in 1999. In 2003 was daar slegs vyf vaartuie bedrywig. Aangesien die vissery seisoensgebonde is (met die hoogste vangste in die Winter) is dit moeilik om die jaarlikse VPEV vas te stel, aangesien dit groot wisselings toon. Voor 2001 was vangste van *G. galeus* ‘n gemiddeld van 34 MT per jaar, maar sedert 2001 het vangste afgeneem tot minder as 20 MT per jaar, met minder as 3 MT wat in 2004 aan land gebring is (die tweede-laagste aangetekende vangs op rekord). Gedurende 2001-2002 het ‘n voorraadpoel evaluering aangetoon, dat die hoof teikenspesie *Galeorrhinus galeus* optimaal ontgin word, ten spyte daarvan dat slegs drie langlynvaartuie werksaam was in 2001 en twee in 2002. Hierdie bevinding bevestig dat haaivangste nie groot visvangbedrywe kan onderhou nie.

3. Oorkoepelende bedryfsdoelwitte

Die oorkoepelende doelwitte vir die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie bedryf is om:

- Die tranformasie profiel van die bedryf aansienlik te verbeter;
- Slegs die teiken van bodem haaie toe te laat; pelagiese haaie mag nie geteiken word nie.
- Die byvangste van stokvis en garoep te verminder;
- Om waarde-toevoeging tot bodem haaie aan te moedig ten einde die waarde van die vis wat gevang word, te vermeerder;
- Die ekologiese standhoubaarheid van die bedryf te verseker.

4. Tydsduur van regte

Met in agneming van –

- die transformasie profiel van die bedryf; en
- die huidige marginale status van hierdie bedryf;

sal die Departement kommersiële regte vir ‘n periode van agt jaar toeken (1 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2013), onderworpe aan hersiening met gereelde tussenposes aan die hand van vooraf vasgestelde prestasiekriteria, insluitende die bereiking van ooreengekome transformasie doelwitte (**sien paragraaf 11 hieronder**).

5. Nuwe inkomelinge

Aansoeke van nuwe inkomelinge sal oorweeg word om daardie regtehouers te vervang wat versuim het om gevolg te gee aan hulle transformasie planne, wat nie presteer het nie en/of nie die bepalings van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne nagekom het nie.

Die Departement voorsien nie dat meer as ses vaartuie gemagtig sal word om bodem haaie te teiken nie.

6. Evalueringskriteria

Aansoeke sal gesif word volgens ‘n stel “*uitsluitingskriteria*”. Aansoeke van nuwe deelnemers en bestaande regtehouers sal daarna afsonderlik oorweeg word, in terme van ‘n stel gelaaide “*vergelykende balanseringskriteria* ”. ‘n Afsnypunt of rang, sal dan gebruik word om te bepaal wie die suksesvolle aansoekers is. ‘n Deel van die TOV sal dan toegeken word aan elke suksesvolle aansoeker ooreenkomstig ‘n stel *“kwantumkriteria”.*

6.1 Uitsluitingskriteria

Aanvullend tot die uitsluitingskriteria wat genoem word in die Algemene Beleid, met betrekking tot onbehoorlike liassering en wesentlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers uitsluit wat nie aan die volgende vereistes voldoen nie:

(a) **Vorm van die aansoeker:** Aansoeke sal slegs oorweeg word van entiteite wat ingelyf is in terme van die Wet op Beslote Korporasies, 69 van 1984 en die Maatskappyewet, 61 van 1973. Aansoeke van natuurlike persone (d.w.s indiwidue of eenmansake) en trusts sal nie oorweeg word nie.

(b) **Wetsnakoming:** Aansoekers, insluitende direkteure of beherende aandeelhouers, wat skuldig bevind is aan 'n ernstige oortreding in terme van die WLMH (en gevonnis tot tronkstraf sonder die opsie van 'n boete) sal nie bodemhaairegte toegeken word nie. Aansoekers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers, wie se visvangregte al ooit gekanselleer,herroep of ingetrek is in terme van die WLMH, sal ook nie bodemhaairegte toegeken word nie. Ander nie-nakomings van die WLMH sal 'n nadelige invloed hê op die oorweging van die aansoek, soos hieronder uiteengesit sal word.

(c) **Paperkwotas:** Papierkwotas, soos gedefinieer in die Algemene Beleid, sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot 'n geskikte vaartuig:** Aansoekers sal moet aantoon dat hulle toegang het tot 'n geskikte vaartuig (***sien paragraaf 7 hieronder***).

(e) **Nie-gebruik:** Daardie regtehouers wat versuim het om hulle medium termyn kommersiële bodemhaairegte te gebruik tussen 2002 en 2004, sal nie weer regte toegeken word nie.

6.2 Vergelykende balanseringskritera

Alhoewel die volgende maatstawwe wel van toepassing sal wees op aansoeke van bestaande regtehouers sowel as nuwe inkomelinge sal die gewig wat aan elke kategorie geheg word verskil:

(a) Transformasie

Aansoekers sal oorweeg word en 'n punte telling ontvang ooreenkomstig die volgende –

- Die persentasie swart- en vroulike verteenwoordiging op eienaars- en uitvoerende bestuursvlak;
- Of werknemers aandeelhouers is in die aansoeker en die omvang van hulle voordele;
- Regstellende aankope
- Die graad van swart en vroulike verteenwoordiging op die onderskeie vlakke benede die uitvoerende bestuursvlak;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid, 55 van 1998; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

(b) Belegging in die bedryf

Wat aansoeke van bestaande regtehouers aanbetref, sal die Departement in besonder die volgende in ag neem:

- Belegging in geskikte vaartuie. Met betrekking hiertoe sal belegging in die vorm van aandeelhouding oorweeg word. Aansoeke van regtehouers sal nie beloon word op grond daarvan

dat aankoop-, skeepshuur- of vangsooreenkomste aangegaan is nie.

- Belegging in bewerking- en bemarkingsinfrastruktuur. In hierdie verband sal die Departement aansoeke van regtehouers wat belê het in bodemhaai bewerking- en bemarkingsinisiatiewe, beloon.

Sovêr as wat aansoeke van nuwe inkomelinge aan betref, sal die Departement in ag neem watter beleggings gemaak is in die vorm van vaartuie, sowel as bewerking- en bemarkingsinfrastruktuur. Verder sal aansoeke van nuwe inkomelinge moet aandui dat hulle die kennis, vaardigheid en vermoë het om te kan deelneem in die bodem haaivissery.

(c) Prestasie

Aansoeke van bestaande regtehouers sal oorweeg word deur te kyk na hulle prestasie in die bodem haaivissery gedurende die medium-termyn tydperk.(2002 tot 2004).

Aansoeke van nuwe inkomelinge sal oorweeg word, deur te kyk of hulle die vermoë, kennis en vaardigheid het om bodemhaaie te kan vang.

(d) Afhanklikheid van die bodem-haaivissery

Die Departement sal voorkeur verleen aan aansoekers wat staat maak op die bodem haaivissery vir 30 persent of meer van hulle bruto jaarlikse inkomste. Aansoekers of hulle beherende aandeelhouers wat enige inkomste verkry van bronne buite die visindustrie, sal gepenaliseer word.

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Die Departement sal ‘n positiewe puntetelling toeken aan daardie aansoekers wat

kies om hulle vangste aan land te bring by kleiner hawens.

(f) Werksgeleenthede

Die Departement sal daardie aansoekers beloon wat hulle werknemers voorsien, of onderneem om te voorsien, van –

- Permanente indiensneming;
- Mediese- en pensioen voordele;
- Enige ander diensvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

Die Departement sal ook kyk na die loonverskille tussen die hoogs- en laagsbesoldigsde werknemers.

(g) Nie-betaling van heffings

Die Departement vereis dat elke reghouer ‘n heffing betaal op al die teikenvis wat aan land gebring word. ‘n Aantal regtehouers het of nie hulle heffings betaal nie of het vangste onderrapporteer, onder andere om die betaling van heffings vry te spring. Laasgenoemde sal uitgesluit word. In eersgenoemde geval (nie-betaling van heffings aan die Departement), sal aansoeke van regtehouers gepenaliseer word. Maar selfs in die geval van aansoeke van regtehouers wat steeds kwallifiseer vir regte, sal ‘n visvang permit nie uitgereik word nie, totdat die totale bedrag heffings betaalbaar (plus rente) aan die Departement betaal is nie.

(h) Wetsnakoming

Regtehouers, insluitende hulle direkteure en beherende aandeelhouers, wat tans ondersoek word vir kriminele- of administratieweoortredings van die WLMH, sal nie vir bodemhaairegte kwalifiseer, totdat die die ondersoek afgehandel is nie.

Kleiner oortredings van die WLMH insluitende regulasies, deur die aansoeker, sy direkteure of beherende aandeelhouers, sal meebring dat die aansoeker ‘n negatiewe puntetelling sal ontvang.

6.3 Vangspoging toewysings

Die Departement sal ‘n maksimum van ses regtetoekennings maak en die gebruik van 6 vaartuie in die bedryf sal gemagtig word. Elke aansoeker sal dus net een vaartuig kan gebruik.

7. Geskikte vaartuie

‘n Geskikte vaartuig in die bodem haaivissery is ‘n vaartuig wat::

- ‘n minimum SAMVV gesertifiseerde lengte van ongeveer tien meter het. Kleiner vaartuie kan oorweeg word afhangende van hulle bodem haai-visvangprestasie;
- ‘n funksionele vaartuig moniteringsisteem het; en
- toegerus is om bodemhaaie te vang.

8. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die bodemhaaivissery word nie verhoed daarvan om regte te hê in Groep A of Groep B visserye nie. Regtehouers in die bodemhaaivissery (insluitende hulle beherende aandeelhouers en lede van die uitvoerende bestuurspan) sal egter nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in Groep C of Groep D visserye te hou nie.

9. Aansoekfooie en heffings

Die aansoekfooi vir die bodem haaivissery sal vasgestel word met verwysing na die volgende:

- Die koste van die hele regtetoekenningsproses, insluitende konsultasie, ontvangs, die evaluering van aansoeke, verifiëring, appèlle en hersienings. In hierdie verband sal die koste wat aangegaan is gedurende die medium termyn prosedure 'n riglyn daarstel; en
- Die waarde van die vis wat toegeken word gedeel deur die tydsduur van die regstoekenning.

Die jaarlikse heffing wat betaalbaar is met ingang vanaf 1 Januarie 2006, sal hersien word na oorlegpleging met al die belanghebbendes en geaffekteerde partye.

10. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmetodes wat hieronder uiteengesit word, weerspiëel sommige van die Departement se voornemens vir die bestuur van die bedryf in die tydperk na regte toekennings.

10.1 Ekosisteembenadering to visserybestuur

Hierdie bedryf sal bestuur word ooreenkosmtig die ekosisteem benadering tot visserye ("EBV"). 'n Ekosisteem benadering tot visserybestuur is 'n holistiese en ge-integreerde beleid wat erkenning verleen aan die feit dat visvang en ander land gebaseerde aktiwiteite 'n invloed het oor die breër mariene omgewing. Hierdie deel van die bodem haaibeleid poog nie om 'n beleidstandpunt te voorsien vir EBV in die bedryf nie. Die EBV in die bodem haaivissery sal in verdere besonderhede aandag geniet in die Bodem Haaivissery Bestuurshandleiding. Suid-Afika bly steeds verbind tot die teiken datum van 2010 vir die implimentering van 'n EBV in kommersiële visserye, insluitende die bodemhaaivissery.

10.2 Byvangsvermindering

Die hoeveelheid byvangste van stokvis en garoep in hierdie bedryf wek kommer. Huidige byvangs beperkings op hierdie spesies sal behou word en mag selfs verder verminder word. Byvangs beperkings vir blouvin- en makouhaaie gaan ook ingestel word om te verhoed dat hierdie spesies geteiken word.

11. Prestasiemeting

Die Departement sal formele prestasiemeting onderneem vir die volle tydperk van die kommersiële regte. Dit word voorsien dat die eerste stel metings sal plaasvind binne 'n jaar na die toekenning van die regte en daarna elke drie jaar.

Alhoewel die Departement eers die presiese maatstawwe vir die meting van regtehouers sal finaliseer na die toekenning van kommersiële visvangregte en na oorlegpleging met regtehouers, sal die volgende breë prestasieverwante maatstawwe wel gebruik word:

- transformasie;
- byvangs vermindering;
- bodem haaivangsprestasie; en
- nakoming van toepaslike wette en regulasies.

12. Waarnemersprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word om ook nakoming waar te neem. Verder sal die Departement ook die waarnemersdekking in hierdie bedryf toenemend vermeerder. Daar sal van regtehouers verwag word om die koste van die waarnemersprogram te dek.

13. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie bedryf sal jaarliks uitgereik word. Die permit voorwaardes

wat van toepassing is op die bedryf vir die 2005 seisoen word aangeheg as **Bylae A**. Belanghebbendes en geaffekteerde partye word genooi om kommentaar te lewer op hierdie permitvoorwaardes.